NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 19 – Uitgawe 27
16 Julie 2026

# Jou 67 minute om ’n verskil te maak

**Hierdie Mandela-maand nooi DPS Huise alle gemeentes uit om saam ’n verskil te maak. Wanneer ons in ’n kind belê, verander ons nie net die huidige situasie nie – ons help om ’n hoopvolle toekoms te bou.**

*Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen* (Matt 25: 40, AFR83).

Mandela-maand herinner ons daaraan dat elkeen van ons die vermoë het om ’n verskil te maak. As Christene weet ons egter dat hierdie roeping nie tot een maand beperk is nie. Ons word elke dag geroep om God se liefde prakties uit te leef deur om te gee vir die kwesbaarstes in ons gemeenskap.

By DPS Huise sien ons daagliks hoe liefde, stabiliteit en geloof kinders se lewens verander. Die kinders in ons pleeghuise het dikwels trauma, verlies, mishandeling, verwaarlosing of verwerping beleef voordat hulle ’n veilige tuiste gevind het. Tog het elkeen van hulle, soos enige ander kind, unieke talente, drome en die potensiaal om te floreer.

Wanneer ons aan ’n kind se behoeftes dink, dink ons eerstens aan kos, klere, skoolbenodighede en veilige huisvesting. Hierdie behoeftes is noodsaaklik, maar daar is nog iets wat maklik oor die hoof gesien word – die geleentheid om bloot ’n kind te wees.

Sport, musiek, kultuur, kuns en ander buitemuurse aktiwiteite is nie luukshede nie. Dit help kinders om selfvertroue te ontwikkel, gesonde verhoudings te bou, emosies te verwerk en belangrike lewensvaardighede soos deursettingsvermoë, dissipline en spanwerk aan te leer. Vir kinders wat trauma beleef het, word hierdie aktiwiteite dikwels deel van hul genesingsproses. Dit gee hulle die geleentheid om hulself nie deur hul verlede te laat definieer nie, maar om met hoop na die toekoms te kyk.

Ongelukkig is deelname aan hierdie aktiwiteite vir baie pleeggesinne finansieel buite hul bereik. Wanneer begrotings onder druk is, geniet kos, skooluitgawes en ander noodsaaklike behoeftes noodwendig voorkeur. Die gevolg is dat kinders dikwels geleenthede misgun word wat ’n blywende verskil aan hul ontwikkeling kan maak.

Daarom stel DPS Huise gedurende dié Mandela-maand ons ***buitemuurse aktiwiteitsfonds*** bekend. Die doel van hierdie fonds is om kinders in ons pleeghuise toegang te gee tot buitemuurse aktiwiteite wat hulle help om hul volle potensiaal te bereik.

Ons nooi gemeentes, lidmate, besighede en families uit om saam met ons hierin te belê. Miskien kan u ’n kind se sportklub, musieklesse, kunsklasse of ander buitemuurse aktiwiteit vir ’n maand of selfs vir ’n jaar borg. U is ook welkom om ’n eenmalige donasie te gee. Vir ’n kind beteken hierdie aktiwiteite veel meer as net deelname – dit beteken hoop, aanvaarding, selfvertroue en die geleentheid om te ontdek waartoe God hom of haar geskep het.

Wanneer ons in ’n kind belê, verskaf ons nie net finansiële ondersteuning nie; ons leef die evangelie uit. Saam kan ons verseker dat geen kind se toekoms deur omstandighede beperk word nie.

Elke kind verdien méér as net om te oorleef – hulle verdien die geleentheid om te groei, te behoort en te floreer.

Ons bankbesonderhede indien u ’n skenking vir hierdie doel wil maak, is:
Kinderhuise van die NHKA, ABSA Bank, Rekeningnommer: 020390093, Verwysing: Buitemuurse aktiwiteit

U is welkom om my te kontak by **suzanne@rata.org.za** indien u meer inligting benodig.

**Suzanne van Deventer**
**(Maatskaplike bestuurder: DPS Huise)**

Om *Blitspos* te ontvang, stuur ’n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Die plasing van teksadvertensies is gratis vir gemeentes. Advertensies met grafika beloop R350 per uitgawe. Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting en voorwaardes.

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

## Lief en leed

- **Die volgende predikante verjaar tot 24 Julie. Die Kerk wens u 'n geseënde lewensjaar toe.**
  - Donderdag 16 Julie: Di JT (Jimmy) Manders (Witfontein), en JAC (Jan) Rossouw (emeritus)
  - Vrydag 17 Julie: Di W (Willem) Dykema (Windhoek), JJ (Johan) Greyling (Bethal/Morgenzon), en JF (Hannes) van der Merwe (Pretoria-Oos)
  - Maandag 20 Julie: Ds MM (Mari) du Plessis-Manders (nie-diensdoende predikant)
  - Dinsdag 21 Julie: Dr AJ (Adam) Zwarts (emeritus), ds JA (Hannes) Jansen van Rensburg (beroepafwagtend)
  - Donderdag 23 Julie: Ds CJJ (Juanita) du Preez (Pierneef)
  - Vrydag 24 Julie: Ds PJHS (Henk) Pienaar (Bosmansrust)

## Vergaderings

- Dinsdag 21 Julie: Bestuurskomitee
- Vrydag 24 Julie: Moderamen

## Gemeentes en bediening


Prop Antoinette van Zyl

- **Prop A (Antoinette) van Zyl** (beroepafwagtend) het die beroep na Volksrust aanvaar en word op 19 Julie bevestig.

## Kerklike en ander publikasies






## Kom kyk en luister saam




- Kom kyk saam na ons weeklikse **Blitsflits**. Hierdie episode is aangebied deur Anushke Muller. Klik ***hier*** vir verlede week se weergawe. Nuwe weergawes verskyn elke Vrydag en is op sosiale media en YouTube beskikbaar.

- Die *Bybelse Dagboek* se **dagstukkie** is nou ook op ’n Donderdag in **videoformaat** op sosiale media beskikbaar. Luister gerus ***hier*** saam na die afgelope week se plasing. Onthou ook dat die dagstukkie daagliks op Facebook in teksvorm gedeel word.

- Kom luister **Sondae** van 19:00 tot 19:30 na ***Ek twyfel*** op RSG. Die program word deur **ds Leon Geel (jr)** van Gemeente Midstream Familiekerk aangebied.

## ’n Gedagte

**Net vyf klippies**

Die ou bekende verhaal vertel: vyf klippies het Dawid opgetel.
Maar eintlik was net een nodig – miskien kon hy toe sy gedagtes op God rig,
om met wysheid die regte klippe op te tel, te weeg.
Hoe sou hy sonder God se krag kon beweeg?
En jy? Hoeveel klippies het jy nodig?
Kies met sorg, met wysheid in God se Lig.
Gaan dan met hoop en moed elke dag en uur tegemoet.
Jy sal nie in jou roeping faal –
Jesus het vir jou die oorwinning behaal.
Hy het die grootste vyand verslaan deur een klip weg te rol wat vir ewig oopstaan.

**Bessie de Vries**

## Fondsinsamelings en Kerksake

- **Vertel ons asseblief van geleenthede by jul gemeentes**. Stuur asseblief die besonderhede na: **taal@nhk.co.za**.

| | |
|---|---|
| 25 Julie<br>vanaf 12:00 | **Gemeentes Vanderbijlpark & Rietspruit se Hoenderkarnaval:** Kom geniet ’n hoenderspyskaart van formaat! Voorgereg: hoendersop, hoofgereg: ’n halwe hoender, twee groentes, rys en nagereg: gebakte poeding en vla. Kuier saam by die kerk of kom kry ’n wegneemete. Kostes: R150 vir volwassenes en R100 vir kinders onder 12. Ander aktiwiteite sluit in stalletjies, skyfskiet, veerpyltjies, springkasteel, tuisbedryftafel en vele meer. **Kontak** ds Errol by 083 455 6922 of Sampie by 082 634 5646. |
| 25 Julie vanaf 08:00 tot laat | **Gemeente Lichtenburg-Oos se Hartklop Karnaval:** Daar wag hope **lekker eetgoed en prettige aktiwiteite** – iets vir elke smaak en ouderdom. Kom geniet die dag saam met familie en vriende, waar daar **lekkernye te kies en te keur** is!<br>**Spesiale Hoogtepunt:** Neem deel aan ons **5 km *ColourRun*** om **10:00** teen slegs **R50 per persoon** – pret en kleur vir almal!<br>**Kontak** ds Lammert van Rooyen by 074 866 8242 vir meer inligting. Moenie dit misloop nie – ons sien jou daar! |

| | |
|---|---|
| 25 Julie vanaf 09:00 tot 13:00 | **Gemeente Wonderboom hou basaar!** Kom kuier saam en **ondersteun DPS Pleegsorg** deur jou hare vir pleegsorg te kleur. **Allerlei lekkernye** sal te koop aangebied word, soos kerrie-en-rys, jaffels, pannekoek en worsbroodjies. Geniet heerlike soetgoed saam met warm koffie, tee of 'n cappuccino, U is welkom om ds Lilian by 083 255 2082 te kontak indien u belangstel om **'n stalletjie teen R150 te huur**. Kom deel in ons basaarpret met verskeie pryse en selfs 'n hondeskou. Ons sien daarna uit om u by Marjoramlaan 219, Wonderboom te verwelkom. |
| 1 Augustus | **Gemeente Ebenhaeser** hou hul **Wilde Weste Basaar**. Kom kuier by Kala se vleispaleis, Porra se groentestal of toets jou visier by Mielies se teikenskiet. Daar gaan die heerlikste basaarkos wees, soos sosaties, burgers, *wraps*, vetkoeke en nog vele meer. Onthou om 'n draai in die teetuin te maak en heerlike koek te eet. Stalletjies kan by Christine Kruger by 083 362 8504 bespreek word. |
| 1 Augustus vanaf 08:00 tot 14:00 | **Kort jy kleur in jou lewe?** Kom kuier by **Gemeente Wapadrant** se basaar en kleur of skeer jou hare ten bate van **DPS Pleegsorg**. Daarna kan jy lekker smul aan **basaarkos** soos vetkoek, sosaties of potjiekos. En dan is dit tyd vir basaarpoeding! |
| 1 Augustus van 08:00 tot 13:00 | **Gemeente Meyerton-Suid** hou **basaar** op die kerkterrein. Stalletjies is beskikbaar teen R100 per stalletjie. Kom kuier saam met ons. |
| 1 Augustus | **Gemeente Sionspoort se Vleisfees.** Kom geniet 'n dag vol vermaak. Groot **verskeidenheid kunstenaars**, kosstalletjies en markstalletjies sal beskikbaar wees. Toegang: R50 vir volwassenes en hoërskoolleerlinge en R30 vir laerskoolkinders. Die fees vind plaas by Tuinhekkie Boeremark in Randfonftein. |
| 8 Augustus om 07:00 | **Gemeente Hartebeestpoort** bied weer die jaar hulle 5de **Bosveld MTB** aan. Daar is 'n keuse van vyf afstande, naamlik: 4 km & 8 km *kiddies ride*, 36 km, 91 km en 156 km. Dit vind by Brits-vliegveld plaas. Aanlyn inskrywings kan gedoen word. Vir navrae **kontak**: Ds Corlien van der Merwe by 083 654 8154, Marcel by die kerkkantoor 012 252 4315, Mechiel Ras by 072 605 1393, Mias van der Merwe by 083 320 2466. Klik ***hier*** vir meer inligting en inskrywings en ***hier*** vir **inskrywings via Entry Ninja**. |
| 21 Augustus vanaf 17:00 | **Gemeente Pretoria-Oos: Steve onder die sterre.** Kom ondersteun hierdie fondsinsamelingsprojek vir die **diens en herstel van die orrel**. Kostes: R200 per volwassene of R500 per gesin. Die aand gaan die vorm van 'n **mini-basaar** aanneem. **Kaartjies** is beskikbaar by die kerkkantoor by 012 460 8441. Bring asseblief jul eie **kampstoele**. |
| 22 Augustus vanaf 14:00 | **Gemeente Outjo en Otjiwarongo: Kom speel saam met ons nagholf en geniet ons basaar.** Die nagholf begin 14:00 met nege putjies, gevolg deur aandete en 'n verdere nege putjies. By die basaar is daar onder andere heerlike pannekoek, biltong en stalletjies. Vir meer inligting, **kontak**: Sunet Hayward by 081 224 1717, Tony by 081 213 3720 of Elsebie by 081 229 6490. |
| 28 Augustus 19:00 | **Gemeente Schoemansdal: Magda Louw en haar Erhard** kom kuier met hul vertoning ***How Louw can you go?*** Kaartjies kos R220 per persoon en is beskikbaar by **Lezl by die kantoor** by 012 253 0146. Dit is 'n **fondsinsamelingsprojek ten bate van die NHSV**. |
| Sluitingsdatum: 30 September | **Gemeente Dullstroom:** Koop 'n **lootjie** teen R100 en staan 'n kans om **een van drie vakansies** te wen. Kaartjies kan by die gemeente gekoop word deur 'n **inbetaling** in die gemeente se bankrekening te doen. Bankbesonderhede: FNB, rekeningnommer: 62049581516. Gebruik asseblief u naam as verwysing. **Bewys van betaling** moet aan Hannetjie by 082 839 5669 gestuur word om u **kaartjienommer** te ontvang. |











## SP Engelbrecht-museum



## Toerusting



**AANLYN DOOPKATEGESE**

Die aanlyn doopkategesekursus is nou beskikbaar op die DraMekaarSeLaste toepassing.

- Die kursus is ideaal vir doopouers om die sakrament en hul doopbelofte beter te verstaan.
- Predikante kan dit ook as aanvullend tot hul doopkategese-gesprek gebruik.

Die kursus is beskikbaar teen R100 by:
**https://www.dramekaarselaste.co.za/**
> Meer > TOERUSTING > Geloofsgroei.

## Barmhartigheid

- Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting oor **seniorbehuising en -versorging**.

## Gebed vir die week

Liewe Here,

Dankie dat ek die woorde van Psalm 121: 1-8 (AFR83) my gebed kan maak.

*Ek kyk op na die berge:*
*waarvandaan sal daar vir my hulp kom?*
*My hulp kom van die Here*
*wat hemel en aarde gemaak het.*
*Hy sal nie toelaat dat jy struikel nie;*
*Hy wat jou beskerm, slaap nooit nie.*
*Waarlik, die Beskermer van Israel sluimer nie in nie*
*en Hy slaap nie.*
*Die Here beskerm jou,*
*die Here bewaar jou van alle gevare.*
*Bedags sal die son jou nie steek nie*
*en snags sal die maan jou nie kwaad doen nie.*
*Die Here sal jou beskerm teen alle gevaar,*
*jou lewe sal Hy beskerm.*
*Hy sal jou beskerm waar jy ook gaan,*
*nou en vir altyd.*

Dankie, Heer, vir u beskerming in my lewe.

Amen.


Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Mariët Robbertze
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Ds Iwana Kruger